'Menswees ly' as kinders nie skryf

Karin Burger

Die pen is magtiger as die swaard. Maar hoe gemaak as die pen uitsterf?

Onlangse navorsing toon baie Suid-Afrikaanse skole voldoen nie aan die minimum skryfvereistes nie.

Die gehalte van skriftelike werk in skole is ook nie na wense nie.

So lui 'n verslag deur dr. Nick Taylor en sy span van die eenheid vir onderwysevaluering en -ontwikkeling (Needu).

Onderwysers spreek toenemend hul kommer oor leerlinge se handskrif uit. Die feit dat kinders dikwels MXit- of SMS-taal gebruik, pleks daarvan om behoorlik te spel, is ook problematies.

Die departement van basiese onderwys vereis skriftelike werk moet minstens vier keer per week gedoen word.

Maar al hoe minder aandag word aan handskrif en skryf bestee omdat sommige gegoede skole toenemend tegnologie soos tablette en interaktiewe witborde benut.

Aan die ander kant van die spektrum het talle skole nie genoeg tafels en stoele nie.

Knap skryfruimte beteken skrif kan nie doeltreffend geoefen word nie.

Die aanleer van skrif en skryfvaardighede bly sentraal in die geletterdheidsproses, sê Babette le Roux, koördineerder van vroeë kindontwikkeling by die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie.

"Die hand het 'n unieke verhouding met die brein wanneer gedagtes op papier neergepen word.

"Deur skryf ontwikkel die vermoë om aandag te skenk aan die detail van die inhoud en die organisering van gedagtes.

"Denke, taal en geheue word gestimuleer, asook hoër kognitiewe vaardighede."

Volgens Le Roux is skrif ook 'n weerspieëling van mens se persoonlikheid.

"Kenmerke van jou handskrif word beïnvloed deur persoonlikheidseienskappe soos skugterheid en voortvarendheid, asook motoriese vaardigheid."

Sy sê handskrifprobleme kan ook ontwikkelingsagterstande aandui: "Probleme met ruimtelike oriëntasie en aandaggebreksindroom kan in handskrif sigbaar wees."

Prof. Elda de Waal, onderwyskundige aan die Noordwes-Universiteit, sê minder skryf lei daartoe dat mense, spesifiek kinders, nie meer hul eie woordeskat sien nie.

"Jy ervaar nie wat jy skryf nie en die brein hoor dit nie."

Ook sy verwys na die band tussen skryf en persoonlikheid: "Die kind se ontwikkeling gaan mank oor daai bruggie wat hy moes stap om homself te word."

Sy sê weens selfoontaal word al hoe minder karakters gebruik.

"Die kind moet eerder sy brein laat gaan om die woordeskat wat hy wel in sy kop het, op papier te gebruik.

"Die menswees ly skade as papier nie meer betrokke is nie. Skryf is wat ons van 'n masjien soos 'n selfoon skei."

De Waal sê handskrif is deel van iemand se karakter.

"Dis my manier om 'n 's' te maak, of my handtekening. Dit maak my uniek.

"Jou persoonlikheid is nie in 'n rekenaar nie.") Lees ook wat sê Saartjie Botha op bl. 3 van Weekliks.

Om te skryf help met woordeskat-ontwikkeling en dit stimuleer denke, taal en geheue.

Estelle Venter gee 'n skrifles aan gr. 2's by die Laerskool Fairland in Johannesburg. Skryfvaardigheid is 'n belangrike boublok van ontwikkeling. | Foto's: bongiwe gumede